Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 10

20 Maart 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

'N GESEëNDE EERSTE KWARTAAL
Ons kyk weer terug na 'n geseënde eerste kwartaal wat soos blits verby gevlieg het. Ons is ons Skepper ewig dankbaar vir al Sy seëninge wat Hy so oorvloedig oor ons skool uitstort.

Aan die einde van hierdie 1ste kwartaal is dit vir my weereens 'n voorreg om u as ouers hartlik te bedank vir u ondersteuning, insette en positiewe gesindheid. Ek is baie trots op elke leerling wat nie net hulle beste gelewer het op akademiese-, sport– en kultuurgebied nie, maar ook almal wat Laerskool Newtonpark se waardesisteem elke dag uitgeleef het.

Graag bedank ek ook elke onderwyser/es wat in die klaskamer en op buitemuurse gebied baie hard gewerk het.

Mag almal 'n baie genotvolle Paasvakansie geniet en mag dit wat ons herdenk, opnuut betekenis kry vir elkeen van ons.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
Die leerlinge het hul rapporte ontvang. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit die eerste dag van volgende kwartaal terug aan die klasonderwysers.

Daar is 'n oueraand op 8 April 2024 van 14:45 tot 18:30. Teken solank die datum aan.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afsprake na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla, of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

SKOOLDRAG
Leerlinge trek nog steeds somersdrag aan, maar wanneer dit koud is kan hulle wintersdrag (korrek) aantrek. Ons sal mettertyd vir die kinders 'n spesifieke datum gee wanneer wintersdrag verpligtend sal wees. Onthou asseblief dat sweetpakbaadjies is nie deel van wintersdrag nie.

FLINKSPEL
U ontvang vandag die leerlinge se borgvorms saam met hul speltoetse. Die beloofde geld kan so gou moontlik betaal word. Sodra dit afgehandel is, kan ons die wenners aankondig.

KUNSKLUB
Die Kunsklub begin in die 2de kwartaal onder leiding van Me. Heide-Marie Fourie. Ouers wat belangstel om hul kind in te skryf, kan Me. Fourie kontak by heidemariefourie@gmail.com

Ons sal later kyk of graad 1's geakkomodeer kan word.

Klasse is soos volg:
Groep 1 : Graad 2 , 3 en 4 – Dinsdae
Graad 2 + 3 **14:00 – 15:15**
Graad 4 **14:15 – 15:30**

Groep 2 : Graad 5 tot 7 – Donderdae
Graad 5 – 7 **14:15 – 15:30**

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal ‘n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die vakansie saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Wo – 3 April	:	**SKOOL HEROPEN 07:45** Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** **NETHEIDSINSPEKSIE** **SPORT BEGIN: Winterrooster**
Do – 4 April	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns: Graad 5 – 7 **14:15 tot 15:30**
Vr – 5 April	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Sa – 6 April	:	**ATKV-Redenaars: 1ste uitdunrondte – Framesby**
So – 7 April	:	*** Mev. Johanna van Niekerk verjaar**

SPORT EN KULTUUR

HOËRSKOOL DOUGLAS TOERSPAN – RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Maart	0/13A	Hoërskool Douglas	LNP wen 27 – 12

HOËRSKOOL DOUGLAS TOERSPAN – NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Maart	0/13A	Hoërskool Douglas	LNP verloor 8 – 12

SKAAKTOERNOOI : 16 MAART
'n Paar van ons leerlinge het Saterdag, 16 Maart, aan die “Pirates and Princesses” skaaktoernooi deelgeneem en het die volgende medaljes ontvang:
Ethan Koen (graad 7) – goud
Liam Koen (graad 2) – goud
Rowan Barker (graad 2) – goud
Daniël Bester (graad 2) – goud
André Fourie (graad 2) – goud
Soné Senekal (graad 5) – silwer
Logan Grobbelaar (graad 2) – silwer
Matthew Feldtmann (graad 4) – silwer
Baie geluk, julle!

KARATE
Leah Bester in graad 4S, het op Saterdag, 9 Maart aan die OGKK Provinsiale Kampioenskap deelgeneem en silwer (2de plek) in kata en goud (1ste plek) in kumite verower. Baie geluk, Leah!

VOORTREKKERS : SPESDAG 2024
Op 16 Maart het leerlinge van Laerskool Newtonpark as deel van Die Voortrekkers die Oos-Kaap Spesialisasiedag bygewoon.

Hier het die verskeie grade geleer van noodhulp, kos maak in die veld, hoe om spoor te sny, hoe om in noodsituasies op te tree en oorleef en saam met Mark Marshall meer oor diere geleer. Knap gedaan, julle!

Francois Bester	graad R	Eina (Noodhulp)
Nina Kloppers	graad 2	Veldkook
Miani Erasmus	graad 3	Spoorkennis
Evan Louwrens	graad 3	Spoorkennis
Ruan Hanekom	graad 3	Spoorkennis
Marizelle De Jager	graad 4	Dierekennis
Marko De Jager	graad 4	Dierekennis
Emma Bester	graad 4	Dierekennis
Evanthia Camarinos	graad 6	Paraatheid
Lika Hanekom	graad 7	Seremonies

RITMIESE GIMNASTIEK

Janique Roets in graad 7O het op 16 Maart aan die All Starz Academy groepkompetisie deelgeneem en uitstekende resultate behaal:

“Free Dance” : goud
“Rope” : goud
“Clubs” : goud

Baie geluk, Janique!